## Week 1:




## "Ek is die brood wat lewe gee..."

## WORD SOOS JESUS...

## VOLG JESUS...

### Johannes 6:1-14, 29-37, 47-51

### Inleiding

Praat oor kos! Wat is jou gunsteling dis en waarvan hou jy die minste?
Hoe belangrik is dit vir julle om te eet en watter gebruike het julle ontwikkel rondom etes?

### Luister na die Woord

❶ ***Laat een person in die groep die hele verhaal lees* – Johannes 6:1-14, 29-37, 47-51.** Die res van die groep luister in stilte na die gedeelte wat vir jou gelees word.

- Die verhaal begin met Jesus wat vir duisende mense kos gee – met 5 brode en 2 vissies. Waarom dink julle het hierdie wonderwerk mense so aangegryp en het dit gemaak dat hulle die volgende dag weer vir Jesus soek?

  - Hoe shape "wonderwerke / great goed wat met ons gebeur of wat ons ervaar/ gebede wat beantwoord word ens. ons verwagting van wie Jesus is en wat Jesus moet doen?

  - En wat gebeur met jou geloof as daar nie 'n wonderwerk gebeur of jou gebede nie beantwoord word nie? (*deel jou eie ervaring)*

❶ **Jesus kom verklaar in v 35 *"Ek is die brood is wat lewe gee. Wie na My toe kom sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie."***

- Jesus doen nie weer 'n wonderwerk nie, of in elk geval nie die soort wonderwerk wat die mense wil hê nie. Hy doen iets groter, Hy gee Homself!

  - Hoe kan dit 'n groter wonderwerk wees? En watter implikasies het dit vir ons verhouding met die Here?

❶ **Die challenge met hierdie preekreeks is dat ons soos Jesus moet word - *become*. En om soos Jesus te word, moet ons verstaan wie Hy was. In Johannes praat Jesus 7 keer oor wie Hy was, as HY sê: "Ek is…"**

- As Hy sê dat Hy die brood van die lewe is, verwys die gedeelte 2 x na die manna wat die Israeliete in die woestyn geeët het – v 31, 49. **Hoe het hierdie manna gewerk?**

- God gee vir 40 jaar, 6 dae van 'n week vir elke dag genoeg vir die Israeliete om van te lewe. **Wat is Jesus se belofte daarin nou vir ons?**

- Maar ons moet Hom eet! Wat beteken dit vir ons – sekerlik nie om Jesus fisies te eet nie, en tog moet ons Jesus deel maak van ons lewens. **Hoe moet ons dit elke dag doen?**

Clue: *as jy elke dag Jesus en sy opdragte, sy woord eet, kou, herkou, deurdink, in jou hart sit, het jy geestelike brood wat jou versadig*

- Onthou, die belofte is dat soos met manna, daar genoeg sal wees vir elke dag!

➊ **Hoe gaan ons soos Jesus word?** Dit is belangrik dat ons bietjie ernstig moet nadink hieroor. So lees die vrae hieronder en spandeer eers elkeen op sy eie tyd daarmee. Antwoord dit eerlik vir jouself. Gesels dan daaroor as groep.

*Ons maak lewend of ons maak dood deur wat ons sê of doen of deur die manier wat ons mense hanteeer.*

- *Watter impak het jou lewe op ander?*
- *Hoe bring jy lewe?*
- *En hoe maak jy dood?*
- *Watter kos kry mense by ons?*

**Help mekaar weer met die vraag: Hoe gaan hierdie gedeelte ons help om soos Jesus te word?**

**Sluit hierdie Bybelstudie af deur vir mekaar te bid.**